UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

SUBKOMITEE A* NA-DOKTORALE GENOOTSKAPPE

OPROEP TOT AANSOEKE VIR 2017

Beskikbaarheid

Subkomitee A van die Navorsingskomitee stel beperkte na-doktorale navorsingsgenootskappe vir navorsing in 'n geestes- en sosiaal wetenskaplike rigting beskikbaar vir vulling met ingang 1 Januarie 2017.

Riglyne

1. Die genootskappe word aan permanent aangestelde C1-personeel (gashere) toegeken, wat dit dan moet adverteer vir vulling. (Meer besonderhede vir hierdie proses is beskikbaar op die webblad van die Afdeling Navorsingsontwikkeling by (http://www0.sun.ac.za/research/na-doktorale-genote.html.)
2. Die finale aanstelling van die voorgestelde kandidaat word dan deur Subkomitee A goedgekeur. Die doel van hierdie genootskappe is om nuwe kapasiteit van buite in te bring. Kandidate, wat hul doktorale kwalifikasie aan die US verwerf het, sal slegs vir befondsing oorweeg word indien die gasheer voldoende bewys kan lewer dat hy/sy 'n redelike poging aangewend het om 'n eksterne kandidaat te lok, maar nie daarin kon slaag om iemand met die nodige agtergrond en vaardighede te werf nie.
3. Aansoeke word op 'n kompetisiebasis oorweeg. Beoordeling van aansoeke geskied op grond van die akademiese meriete van die aansoeker (gasheer) en van die projek waaraan die genoot sal meewerk.
4. Genootskappe word vir ``'n tydperk van een jaar toegeken met moontlike verlenging tot 'n tweede jaar op grond van bevredigende vordering en uitsette, en afhangend van beskikbare fondse.
5. 'n Genootskap moet opgeneem word binne ses maande nadat dit deur die komitee toegeken is.
6. Vir 2017 sal die komitee R200 000 per na-doktorale genoot toeken. Hierdie toekenning mag deur die gasheer aangevul word, maar mag nie gelyktydig met 'n ander na-doktorale toekenning gehou word nie. (In so 'n geval moet die gasheer eerder by die subkomitee vir 'n aanvulling tot die ander toekenning aansoek doen.)
7. Die toekenning sluit nie lopende kostes in nie. Dit is die verantwoordelikheid van die gasheer te verseker dat daar uit ander bronne genoegsame fondse beskikbaar sal wees om die lopende kostes te dek.

Aansoekprosedure

Aansoeke word nou ingewag en moet by die Afdeling Navorsingsontwikkeling op die voorgeskrewe vorm ingedien word. Elke aansoeker mag slegs een aansoek indien.

Let asseblief daarop dat hierdie aansoeke deur voornemende gashere ingedien moet word en NIE deur na-doktorale kandidate nie.

Indien 'n aansoek suksesvol is (uitslae sal teen middel Desember beskikbaar wees), kan die gasheer adverteer vir ``'n geskikte kandidaat. 'n Kort motivering en CV van die gekose kandidaat moet binne ses maande vanaf die toekenning aan Subkomitee A voorgelê word vir goedkeuring.

Geskandeerde of pdf kopieë van aansoeke moet teen 10:00 op **25 November 2016** by mfouche@sun.ac.za ingedien word**.**

Me Maléne Fouché
Afdeling Navorsingsontwikkeling

Tel: 021 808-4622
E-pos: mfouche@sun.ac.za

***Let asseblief daarop dat slegs voltyds, permanente personeel uit die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Krygskunde kwalifiseer om aansoek te doen vir befondsing vanaf Subkomitee A. Die komitee sal ook goed gemotiveerde aansoeke uit steundiensafdelings oorweeg.**